

Voeding van Herkouers in Droë Toestande

(Geskryf deur: Raché Stofberg, Diervoedingskundige, Wesfed voere) *Januarie 2016*



Droogtes en droë tye maak 'n deel uit van die Suid-Afrikaanse boerdery ondernemings. Dit lei tot stygings in kostes, daling in produksie en inkomste, en verhoogde geestelike en fisiese stremming op diegene wat geraak word.

Weiding en ruvoer tekorte is 'n groot probleem na die lae reënval van die vorige jaar. Dit is egter steeds moontlik om 'n kudde te onderhou wanneer daar 'n voer tekort is. In sekere gevalle sal dit nodig wees om te prul. Dit sal ook nodig wees om jou rantsoene te beplan sodat die nutriënte wat 'n tekort in een rou materiaal is, aangevul kan word deur 'n ander een wat hoog is, sodat 'n gebalanseerde verhouding verkry kan word.

Wanneer die weiding swak, maar steeds volop is, kan aanvullende voeding aan die diere gegee word. Die doel van aanvullende voeding is om die tekorte wat in die weidings voorkom aan te vul, sodat optimale produksie

verkry kan word. Wanneer ruvoer en weidings so beperk is dat dit nie meer in 30% van die dier se behoeftes voldoen nie, sal daar na 'n onderhouds volvoer gekyk moet word. Die doel van 'n onderhouds volvoer is om die dier aan die lewe te hou en hul liggaamskondisie te onderhou, sodat optimum opbrengs op belegging behaal sal word.

Beplanning

In tye van droogte word dit van produsente vereis om belangrike besluite te maak wat 'n kort termyn en lang termyn impak op die boerdery onderneming sal hê. Droogtes kan baie moeilik raak, maar goeie beplanning en bestuur sal 'n onderneming deur die ervaring dra.

Daar is 'n paar riglyne wat gevolg kan word indien produsente nie meer voer op die plaas beskikbaar het nie. Dit sluit in, die verkoop van 'n deel van die kudde, en die inkoop van voer. Hoe vroeër hierdie besluite gemaak

word, hoe beter, en hoe minder sal die ekonomiese verliese wees. Dit is belangrik om te weet hoeveel diere die onderneming kan bekostig om te voer reg deur hierdie periode. Swakker diere en diere met prul foute moet eerste geïdentifiseer word en bemark word, daarna gevolg deur ouer diere. Dit sal verseker dat 'n kleiner kudde met goeie genetiese materiaal relatief goed gevoer kan word.

Voedingstrategie

Herkouers benodig 'n kombinasie van proteïene, energie, ruvoer en minerale om goeie rumen gesondheid en liggaams funksie te onderhou. Ekstra nutriënte, b'ó die onderhouds behoefte, dra by tot produksie, soos byvoorbeeld massa toename.

Wanneer droogte voeding toegepas word, is dit gewoonlik nie moontlik om meer te voer as wat vir onderhoud benodig word nie, dit word na verwys as 'n onderhouds rantsoen. Die kondisie telling van die diere moet gemonitor word reg deur die droogte. Voeding moet ook gereguleer word om te verseker dat die kondisie telling die gesondheid en welstand van die diere reflekteer en pas by die produksie doeleindes van die boerdery.

Wanneer 'n voer vir 'n spesifieke produksie fase gekies word, is die mikpunt om die goedkoopste opsie voer of 'n kombinasie van voer bronne te kies wat in die dier se voedingsbehoefte sal voldoen. Algemene voer bronne wat gebruik word om in diere se onderhouds behoeftes te voldoen, sluit in:

- Ruvoer: hooi, kuilvoer, strooi.
- Proteïene: peulgewas oliekoeke (soya, canola en lupiene), ureum, lusern.
- Energie: klein grane(hawer en korog), mielies, melasse.
- Minerale: voormengsels kan by 'n plaaslike koöperasie verkry word.

Een van die belangrikste aspekte van voeding wat in ag geneem moet word is die feit dat die rumen organismes sorgvuldige substraat ontvang om die rumen omgewing aan die werk en gesond te hou. Dit kan gehandhaaf word deur 'n goed gebalanseerde onderhouds voer. Die insluiting van verteerbare vesel, rumen degradeerbare proteïene en hoogs verteerbare energie bronne (soos grane) kan help om hierdie doeleindes te bereik.

Wesfed Voorstel

Met die ruvoer en weidings tekorte wat produsente in die gesig staar, is dit die beste opsie om eerder 'n volledige onderhouds voer aan die diere te voorsien. Wesfed se **skaap-/bees onderhouds pille** is volvoere wat die diere se voedingsbehoefte sal bevredig wanneer beperkte of geen weiding en ruvoer beskikbaar is nie. Dit is volledige, klaar gemengde voere vir die voeding in droogte toestande of in tye waar die diere se kondisie onderhou moet word. Tabel 1 gee die samestelling van die Wesfed Bees Onderhouds pille en Tabel 2 dié van die Wesfed Skaap Onderhouds pille.


Tabel 1 Samestelling van Wesfed Bees Onderhouds Pille

SAMESTELLING			
NUTRIENT	MIN	MAX	EENHEID
Vog		120	g/kg
Proteïene	100		g/kg
Protein ex NPN		30	%
Amm. Sulfaat		5	g/kg
Ru-vesel		250	g/kg
Ru-vet	15		g/kg
Ureum		8	g/kg
Fosfor	3		g/kg
Kalsium		12	g/kg
Vitamien A	3500		IU/Kg

Tabel 2 Samestelling van Wesfed Skaap Onderhouds Pille

SAMESTELLING			
NUTRIENT	MIN	MAX	EENHEID
Vog		120	g/kg
Proteien	110		g/kg
Protien ex NPN		30	%
Amm. Sulfaat		5	g/kg
Ru-vesel		250	g/kg
Ru-vet	15		g/kg
Ureum		8	g/kg
Fosfor	3		g/kg
Kalsium		12	g/kg
Vitamien A	3500		IU/Kg

Samevatting

Dit is essensieël om na volvoer opsies te kyk om ruminante diere in die droë seisoen te onderhou, want ruvoer en weidings is te beperk om aan die diere se behoeftes te voldoen om normale produksie en reproduksie te onderhou. Die effekte van ondervoeding in die droë seisoen kan huidige produksie, sowel as toekomstige lewenslange prestasie van 'n kudde beïnvloed. Die tempo van liggaamsmassa verliese op swak, droë weidings, word verminder, of selfs uitgeskakel indien onderhouds voeding verskaf word. Daarom moet produsente nie vra wat droogte voeding hul gaan kos nie, maar eerder of hulle dit kan bekostig deur dit nie te voer nie. 



Email: rache@wesfed.co.za

Website: <http://www.wesfed.co.za/>

Cell: +27 72 662 2829

Work: +27 22 433 4706

Moorreesburg

7310